

BARNABAS. VAN LEVIET TOT APOSTEL

So magtig is die pen dat selfs die grootste manne, as hulle nie 'n geskrewe erfenis nagelaat het nie, gevaar loop om uit die herinnering te verdwyn, terwyl kleiner figure omrede van hul geskifte 'n blywende plek in die beeld van die geskiedenis handhaaf. Dis op hierdie wyse dat Markus, die Evangelis in die voorstelling van die Christelike Kerk 'n hoofrol speel terwyl sy oom, Barnabas, nouliks nog meer verteenwoordig as net 'n naam, want Barnabas het nie 'n geskrewe erfenis nagelaat nie, in elk geval nie geskifte wat met sekerheid aan hom toegeskryf kan word

nie¹. Tog was, in die tyd toe beide geleef het, nie Markus nie, maar Barnabas byverre die vernaamste van die twee.

As Paulus aan die Kolossense wil vertel wie Markus is, dan verwys hy na hom as „die neef van Barnabas”, dié Barnabas wat alom bekend is².

In werklikheid het Barnabas so 'n hoë aansien by sy tydgenote en die apostels geniet, dat hy die enigste is wat naas die Twaalf in die Nuwe Testament die titel van Apostel dra³. En die naam waaronder hy algemeen bekend staan, „Barnabas”, is nie 'n patroniem nie, maar 'n erenaam wat hy van niemand minder as die Twaalf ontvang het nie⁴. Sy regte naam wat al byna in die vergetelheid geraak het, was Josef⁵. Die agtingvolle aramese bynaam beteken letterlik „seun van bemoediging”. In die aramese idioom van sy tyd- en landgenote beskryf dit nie afkoms nie maar sy opvallendste kenmerk: Josef was iemand wat opgeval het deur sy positiewe bemoedigende aard en optrede. Hierdie hoedanigheid word ontplooi en nader omskryf in die vroegste geskiedenis van die gemeente van Antiochië, waar mens van hom lees dat hy „'n goeie man was en vol van die Heilige Gees en geloof en dat hy almal bemoedig het om met doelgerigtheid by die Here te bly”⁶. Uit hierdie beskrywing blyk dat hy naas die opvallende kwaliteit waaraan hy sy bynaam ontleen het, ook nog die kwaliteite van Josef van Arimathéa en van Stephanus gehad het, want ook van Josef van Arimathéa heet dit dat hy „'n goeie man” was en van Stephanus dat hy „vol was van die Heilige Gees en geloof”⁷.

Al het Josef Barnabas nie self geskryf nie, sy werk en sy persoon word wel so goed beskryf deur die beste biograaf wat die Nuwe Testament ken, naamlik Lukas, dat mens 'n helder voorstelling van hierdie apostoliese figuur kan vorm. Daardie eerste bewoë jare van die Apostoliese Kerk, die periode 30 tot 60 n.C. was van kardinale betekenis vir die vestiging, vormgewing en uitbreiding van die Kerk. Vanaf Hnd. 4 tot 15 laat Lukas die lig val op hierdie tydperk en op die sleutelmanne daarin, Petrus, Paulus en Barnabas. Die Kerkhervorming het intuïtief aangevoel hoe ingrypend belangrik daardie eerste 30 jaar na die kruisiging was en het oor die tussenliggende sub-apostoliese en patristiese periode heengereik om daarby te gaan lig opsteek. Dis begryplik dat hulle argumente nodig gehad het en daarom hul aandag uitsluitlik gegee het aan die groot skry-

1) Tertullianus het die Brief aan die Hebreërs aan Barnabas toegeskryf; dis egter om verskeie redes nie moontlik nie. Clemens Alexandrinus maak hom die skrywer van die brief van Barnabas. Die skrywer van hierdie brief was egter na alle waarskynlikheid 'n Alexandrynse Christen uit 70–100 n.C. Terwille van die volledigheid moet mens nog noem die sg. Evangelie van Barnabas, 'n kragtige pleidooi ten gunste van die Islam en teen die Christendom en toegeskryf aan Barnabas. Dis egter nawysbaar 'n vyftiende eeuse vervalsing afkomstig uit Italië.

2) Kol. 4.10.

3) Hnd. 14.14. Ook geïmpliseer deur 1 Kor. 9.5–6.

4) Hnd. 4.36.

5) id.

6) Hnd. 11.24

7) Luk. 23.50 en Hnd. 6.5.

wers van die Apostoliese tydperk van die Kerk, aan Paulus in die eerste plek as die een wat die meeste geskryf het. Dit bly egter jammer dat hulle die man van die daad, die goeie daad, die geloofsdaad en die bemoedigingsdaad, Barnabas, byna in die vergetelheid gedompel het, vir die eenvoudige rede dat hy nie geskryf het nie. Aan so veel van die konstituerende elemente van die eerste Kerk het Barnabas die eerste stoot gegee, dat mens jou met verwondering afvra hoe die latere Kerk hom so maklik kon vergeet het. Hy was die eerste om 'n stuk grond te verkoop en die opbrengs aan die voete van die Apostels te lê⁸ en so een van die grondleggers te word van daardie vroeë gemeenskap van goedere te Jerusalem. Barnabas was dit wat Paulus, toe almal in Jerusalem van hom weggevlug het, by die Apostels introduceer het⁹. Hy was die eerste gesant van die Jerusalemse gemeente na Antiochië en kan dus met reg genoem word die eerste sendeling van die georganiseerde sending van die Kerk¹⁰. Hy was ook die eerste om die volle konsekvensies en die vereistes van die sending deur te sien, soos blyk uit die feit dat hy onmiddellik weggegaan het om Saulus wat vergete in Tarsus gesit het, te gaan haal vir die sendingwerk in Antiochië. En dit volg byna noodwendig daaruit dat hy dan ook die eerste metgesel van Paulus sou wees op die eerste uitgebreide sendingtog die heidenwêreld in¹¹. Hy is dit wat Johannes Markus, sy neef, die latere skrywer van die oudste behoue Evangelie, in die diens van die Kerk ingetrek het¹². En Barnabas was dit wat vergesel van Markus vir die eerste maal die georganiseerde sending uitgebrei het na Cyprus¹³. Daar in Antiochië waar Barnabas gewerk het, is die dissipels vir die eerstemaal „Christene” genoem¹⁴.

Hy het niks geskryf nie en as hy miskien iets geskryf het, het dit totaal verlore gegaan. Hy het wel geleer. Hy was een van die eerste leraars van die Kerk¹⁵, maar ook wat hy geleer het, is nie meer in besonderhede bekend nie. Hy was blykbaar ook nie baie spraaksaam nie¹⁶. Sy onuitwisbare stempel het hy afgedruk nie deur die geskrewe woord nie, maar deur die daad en deur sy positiewe, bemoedigende persoonlikheid.

Wil mens Barnabas en sy betekenis vir die Kerk leer ken, moet mens dus nie na sy woorde gaan soek nie, hoewel hy sy woord op die regte tyd wel deeglik kon doen, maar mens moet hom leer ken uit sy dade en uit sy verskyning self. Dis 'n groot versoeking om Josef Barnabas wat 'n „goeie man” was, en wat deur Lukas 'n „apostel” genoem word, te vereenselwig met Josef Barsabas, bygenaamd Justus (wat „goed” beteken)

⁸) Hnd. 4.37.

⁹) Hnd. 9.27

¹⁰) Hnd. 11.22, 23.

¹¹) Hnd. 13.1vv.

¹²) Hnd. 12.25.

¹³) Hnd. 15.39

¹⁴) Hnd. 11.26

¹⁵) id.

¹⁶) Hnd. 14.12

en wat met Matthias kandidaat was vir die apostelskap wat deur Judas Iskariot verlaat is¹⁷. Behalwe dat die name Barnabas en Barsabas twee heel verskillende betekenisse het, sou mens dan moes rekenskap gee waarom Lukas Barnabas dan nog so uitvoerig introduceer in Hnd, 4.36 as hy reeds na dieselfde man verwys het in Hnd.1.23. Om nie sy beeld te verteken nie, moet mens dus maar volstaan met die aanname dat Josef Barnabas vir die eerste keer teen die jaar 30 n.C. in Jerusalem op die toneel verskyn en dat hy dan beskryf word as 'n Leviet en geboortig uit Cyprus en dat hy 'n bemiddelde man was. . . hy het mos 'n stuk grond verkoop en die opbrengs aan die voete van die apostels neergelê. Dis wel waar dat Num. 18.20 en Dt. 10.9 die kinders van Levi nie 'n erfdeel in die land gee nie en dat mens dan kan verwag dat Leviete nie grondeienaars sal wees nie. Tog was Jeremia wat van levitiese geslag was, grondeenaar¹⁸ en so ook Flavius Josephus, tydgenoot van Barnabas en nes hy 'n Leviet¹⁹. Verdere aanduiding dat nie net hy nie maar ook sy naaste familie in Jerusalem vermoënd was, kom uit die beskrywing wat Lukas gee van die huis van Maria, die moeder van Johannes Markus en dus die suster of skoonsuster van Barnabas. Hare was een van die weinige huise in Jerusalem wat die luukse van 'n buitepoort gehad het en sy was van die weiniges in Jerusalem wat oor 'n diensmeisie beskik het. Lukas ken nog selfs die naam van die diensmeisie as Rhodé wat in Afrikaans eenvoudig beteken, Rosie²⁰. Hierdie aansienlike huis het blykbaar van vroeë af al sy gasvryheid aan die Christene te Jerusalem verleen. En daar is sterk aanduiding dat dit in die bokamer van hierdie huis was dat Jesus die Avondmaal ingestel het en waar sy dissipels en sy familie onmiddellik na die hemelvaart saamgekom het in gebed²¹.

Moontlik het Josef die Leviet die bynaam van „seun van bemoediging” van die Twaalf ontvang juis omrede van hierdie milddadigheid van hom gedurende die eerste jare van hul verblyf in Jerusalem.

Nie sonder rede nie meld Lukas so uitvoerig dat hy 'n Leviet was. Dit blyk uit Hnd. 11.20 dat die woede van die vervolging teen buitelandse Jode wat Christen geword het, te Jerusalem ná die steniging van Stephanus veral gerig was teen Cypriese en Cyreense Jode wat Christen geword het. Barnabas is een van hulle. Mens kan na aanleiding van die feit dat die hoëpriester in persoon aan Saulus lasbriewe gegee het om die vervolging deur te set, seker wees dat die priesterlike kringe die krag agter die vervolging was. Maar Barnabas is nie vervolgd nie, hoewel hy tot die groep behoort het wat besonderlik die skyf van die vervolginge uitgemaak het. Sy levitiese verwantskap was waarskynlik een van die redes dat hy met rus

¹⁷) Hnd. 1.23

¹⁸) Jer. 32. 7vv.

¹⁹) Fl. Jos. Vita 76

²⁰) Hnd. 12.12-14.

²¹) Vergelyk Hnd. 12.12 met 1.13 en Luk. 22.7vv. Dis nie uitgesluit nie dat die jongman van Mrk. 14.51 wat nakend uit Gethsemane gevlug het, Markus self was, die seun van Maria en die neef van Barnabas.

gelaat is en kon voortgaan met sy diens aan die Kerk in Jerusalem. En sy diens daar was besonders. Deur sy vrygewigheid het hy bygedra tot die onderhoud van die gemeenskap en deur sy bemoediging en geloof het hy hulle in die donker dae ondersteun. Maar hy het ook as skakelbeampte opgetree om dié wat bymekaar hoort, bymekaar te bring. Dis hy wat Saulus, die aanvoerder by geleentheid van die steniging van Stephanus, enkele maande later as bekeerde na die Apostels bring²². Hoe hy te wete gekom het dat die voormalige vervolger van Christus nou vervolgte van Christus geword het, vertel Lukas nie. Dis waarskynlik dat Ananias of Judas wat in die Reguitstraat te Damaskus gewoon het, hierin 'n bemiddelende rol gespeel het. Hul eerste punt van kontak tussen Saulus en die Jerusalemse Christene was Barnabas. Het die Leviet en die voormalige leerling van Gamaliël en vertrouensman van die hoëpriester mekaar van digterby geken? Die feit dat Barnabas die vroeëre vervolger maar goedsmoeds by die dissipels in Jerusalem kom voorstel, veronderstel dat hy Saulus uit vroeëre kennismaking beter en van digterby geken het as die res van die Christene. Saulus het by dié geleentheid, volgens sy eie getuigenis²³, ook nie so lank in Jerusalem vertoef dat Barnabas hom sonder vorige deeglike kennis so kon leer waardeer het as wat uit Hnd. 11.25 blyk nie.

Dit was vernaamlik Cypriese en Cyreense Jode wat die vervolging te Jerusalem moes verduur. Moontlik omdat die Cypriote in die meerderheid was²⁴, het hulle besluit om noord-westelik te vlug in die rigting van Antiochië en Cyprus self. Kort daarop het hulle die Evangelie in Antiochië aan die nie-Joodse inwoners van daardie gebied begin verkondig. Dit was die begin van die buitelandse sending van die Kerk. Maar dit was 'n ongewone begin wat hierdie Cypriote en Cyreneërs aan die sending gegee het, en Jerusalem het besluit om 'n vertrouensman ter plaatse te laat ondersoek doen. Omdat hy naas sy ander kwaliteite ook nog dit gehad het dat hy landsman was van die stigters van die veelrassige gemeente te Antiochië, stuur die kerkleiers Barnabas daarheen²⁵.

Barnabas was 'n man van min woorde, maar as man van die daad het hy sy hulp met kundigheid gekies. Toe hy die situasie in Antiochië opgesom het en 'n mate van orde in die organisasie daar gebring het, het hy besef dat die één persoon wat hier nodig is, vergete in Tarsus sit. Dit was Saulus. 'n Jaarlank het hy saam met Saulus die gemeente onderrig. In dié tyd het die gelowiges so opvallend en miskien ook so omvangrik geword, dat die Antiochiërs hulle met 'n aparte naam onderskei het, Christene²⁶.

²²) Hnd. 9.26, 27. Gal. 1.22

²³) Gal. 1.18, 19

²⁴) Cyprus en Cypriote word opvallend dikwels in Handelingen genoem. Vgl. 11.19v.; 13.4; 15.39; 21.3, 6; 27.4.

²⁵) Hnd. 11.19 vv.

²⁶) Hnd. 11.26.

Tussentyds het nood die Kerk in Jerusalem weer in die gesig gestaar. Agabus, 'n profeet van Jerusalem afkomstig, het vertel van 'n verwagte hongersnood. Lukas voeg verklarend toe dat die hongersnood inderdaad ook in die tyd van Claudius gekom het. Dis nog steeds 'n probleem dat daar nêrens elders van so 'n hongersnood tydens die regering van Claudius melding gemaak word nie. Maar van belang is dat dit juis weer Barnabas is, die „seun van bemoediging” wat met Paulus noodleniging vir die Kerk in Jerusalem beplan en uitvoer. Hier, in Hnd. 13.2 en 7 en 14.12, neem Barnabas klaarblyklik ook die voortou want Lukas noem hom eerste en Paulus tweede.

Soos dit aan Barnabas te danke is dat die Evangelis Markus in die werk van die Kerk betrek is, dat Paulus uit die vergetelheid van Tarsus tot aktiewe Evangeliediens geroep is, so is dit met alle waarskynlikheid ook, aan hom te danke dat Lukas, die ander Evangelis, tot die diens van die Kerk oorgekom het. Volgens codex Bezae se lesing van Hnd. 11.28 begin Lukas se beroemde „ons-stukke” by hierdie vers, kort nadat Barnabas die gemeente te Antiochië ge-organiseer het en hulle die onderskeidende naam „Christene” ontvang het.

Barnabas en Saulus het die noodleniging van Antiochië aan die Jerusalemse Kerk aan die ouderlinge afgedra, vertel Lukas in Hnd. 11.30. Blykbaar het die bestuur van die moedergemeente teen daardie tyd reeds oorgegaan na die ouderlinge omdat die vervolging waarvan Hnd. 12 1vv vertel reeds aan die gang was en vernaamlik teen die apostels gerig was. Jakobus die broer van Johannes het as slagoffer van Herodes gesterf en Petrus was in die gevangenis. Die ander apostels het óf die stad uitgevlug óf ondergeduik. Toe Petrus wonderbaarlik uit die gevangenis ontsnap het, het hy die berig laat deurgee, nie aan sy mede-apostels nie maar, aan „Jakobus en die broers”²⁷. Barnabas en Paulus was tydens daardie verblyf getuie van 'n gedronge gang van die geskiedenis te Jerusalem. Behalwe die vervolging teen die Kerk, het hul Herodes se voedselblokkade teen Tirus en Sidon beleef met die nawerking daarvan in die tempelstad self. Dit was opnuut weer 'n geleentheid waar die „seun van bemoediging” 'n kragpunt in die bewoë moedergemeente moes gewees het.

Antiochië het hom egter, so nog nie officieël nie dan wel in oortuiging, sendeling gemaak. Hy het voorraad na Jerusalem gebring en rekruteer in ruil daarvoor die jeugdige kragte van sy Jerusalemse nefie, Markus, vir die sendingveld in die noorde. Terug in Antiochië, introduceer Lukas hom saam met Simon Niger en enkele ander as behorend tot die „profete en leraars”²⁸. Onder die oud-Christelike voorstelling van die profeet pas Barnabas minder goed in. Hy tel met groter waarskynlikheid onder die leraars. Maar dit was 'n posisie van groot agting en groot vertroue. Dis sy mede-leraars en die profete wat hom en Paulus die hande opgelê het

²⁷) Hnd. 12.17

²⁸) Hnd. 13.1vv.

as eerste spesiale sendelinge van die gemeente van Antiochië. Die handoplegging beteken in die Nuwe Testament nog heeltemal nie 'n ampswyding nie; dis eenvoudig uitdrukking van die seënbede van die afsenders²⁹. Dis wel opvallend en tekenend van die aansien van Barnabas dat hy ook in hierdie uitsending voor Paulus genoem word³⁰. Hy behou sy voorrang nog tot die eerste skof op die sendingsweg: By Pafos laat die proconsul, Sergius Paulus, Barnabas en Paulus roep om die Evangelie te hoor.³¹ Dat die reisprogram so vroeg al na Cyprus lei, moet gewyt word aan Barnabas die Cyprioot.

Maar daarna, met één uitsondering en dit te wyte aan 'n heidense misverstand, neem Paulus die voorrang. Hoewel Hnd. 13.46 Paulus en Barnabas die woord gee, is dit al vanaf Hnd. 13.16 duidelik dat minstens in kontroversiële gevalle die rabbynse geleerde en oud-leerling van Gama-liël die voortou neem. Die man van die daad staan terug vir die man van die woord. En dis stellig omdat die besluit om hul voortaan in ooreenstemming met Jes. 49.6 tot die heidene te wend, uitkoms is van praktiese beraad tussen Paulus en Barnabas, dat Hnd. 13.46 rapporteer, „Maar Paulus en Barnabas het vry-uit gespreek. . .”. Nietemin, of Barnabas nou Leviet was of nie, netsoos Paulus word hy vanaf die Pisidiese Antiochië, anders as te Jerusalem, voorwerp van Joodse vervolging.

Lukas het tot dusver in kort kragtige trekke vertel wie Barnabas was, en wat hy gedoen het, maar nie hoe hy gelyk het nie. Uit sy optrede en die reaksie daarop in Jerusalem en Antiochië kon mens al vermoed dat hy 'n imposante voorkoms gehad het. Nog steeds sonder opsetlike beskrywing van sy voorkoms, bevestig die beskrywing van die twee apostels se ervaring te Listre hierdie vermoede. Dis duidelik uit Hnd. 14.8vv. dat Paulus nou vir goed die leiding begin neem. Dis Paulus wat die kreupele te Listre genees en dis ook Paulus wat in die daaropvolgende kontroverse met die Jode die inisiatief neem. Maar klaarblyklik is dit ook Paulus wat in die Evangelieprediking aan die heidene die woordvoerder is. Tog slaan die heidense hoorders Barnabas die hoogste aan; hulle vereenselwig hom met Jupiter, die oppergod van die pantheon, en aan Paulus deel hulle die beskeie rol toe van Mercurius, die gevleuelde boodskapper van die godewêreld, „omdat hy die woordvoerder was”³². Die offers wat die stad in hul heidense misverstand voorberei het, word ook aangebring deur die priester van die kultus van Jupiter, m.a.w. in die eerste plek ter ere van Barnabas. So nie sy woorde nie, dan het sy voorkoms hom onderskei, 'n voorkoms wat laat dink aan Jupiter. In die antieke voorstelling is Jupiter rysig van gestalte, atleties gebou, met 'n hoë voorkop en sterk getekende manlike gelaatstrekke.

²⁹) G. Sevenster, *De Wijding van Paulus en Barnabas*. Studia Paulina, Haarlem, 1953. bls. 191vv.

³⁰) Hnd. 13.1, 2.

³¹) Hnd. 13.7.

³²) Hnd. 14.12.

Hy het gevoelvolle en gesagvolle oë en 'n sterk baard. Mercurius daarenteen is kleinerig, jeugdig en kaalgeskeer. En so was Paulus, nie alleen volgens die vroegste tekeninge van hom in die katakombes nie, maar ook volgens Hnd. 21.38; die offisier in bevel van die romeinse garnisoen te Jerusalem sien hom aan vir 'n Egiptenaar. Die Egiptenaars was gladgeskeer. Maar Barnabas was Leviet en het blykbaar 'n baard gedra. Verder moes Barnabas aanmerklik ouer gewees het as Paulus. Toe laasgenoemde volgens die beskrywing van Hnd. 7.58 nog „'n jongman” was, verskyn Barnabas reeds as een van die leidsliede van die Jerusalemse gemeente. In ieder geval, hierdie afleidinge word ook onderskryf deur Chrysosthomos as hy sê dat Barnabas 'n man was van 'n besonder statige voorkoms en waardige houding³³. Daarteenoor beskryf die Paulus-en-Thecla Acta Paulus as klein en nie juis van imposante voorkoms nie³⁴. Paulus verwyf ook die Korinthiërs omdat hulle hom beoordeel op sy onopvallende voorkoms³⁵. Is dit nog steeds uit eerbied vir sy imposante voorkoms dat die gepeupel van Listre nie Barnabas stenig nie, maar Paulus? Of het die joodse opstokers dit veral gehad teen die woordvoerder van die Evangelie, Paulus?

Dis in elk geval weer Barnabas, die man van die daad, wat in die krisis die leiding neem. Die verwonde Paulus gaan saam met Barnabas na Derbe, vertel Hnd. 14.20. En so ver as wat hulle gegaan het, het hulle hiervandaan met praktiese organisasie-sin ouderlinge aangewys en hulle gesê met dieselfde handeling as wat hulle self te Antiochië ontvang het, naamlik met die oplegging van die hande³⁶.

Na die volbragte taak het die twee apostels aan die gemeente van Antiochië gaan verslag doen en „daar by die dissipels 'n geruime tyd deurgebring”. Gedurende die „geruime tyd” van Hnd. 14.28 het ingrypende dinge in die Kerk te Antiochië plaasgevind, dinge van fundamentele betekenis vir die Kerk oor die hele wêreld en vir alle tye, dinge wat Barnabas in al die fasette van sy menslikheid, openbaar. In sy tegemoetkomingheid kon hy die eenheid van die Kerk vir 'n oomblik in gevaar bring; in die vastheid van sy geloof kon hy sy eie aansien op die spel plaas ter wille van daardie eenheid van die Kerk. Lukas, die eerbiedige biograaf van die apostels Petrus, Barnabas en Paulus, vertel net die mooi kant van hierdie krisis, persoonlike krisis in die lewens van al drie die genoemde apostels. Die anderkant daarvan sou nooit in die geskiedenis oorleef het nie, as Paulus weens valse beskuldiging teen hom te Galatia dit nie vertel het nie. Soos dit is, moet mens Paulus daarvoor dankbaar wees. Wat hy meedeel oor die oomblikse swakheid van Barnabas en Petrus, maak hierdie twee apostels nie kleiner nie, maar werp hulle

³³) Vgl. Th. Zahn, Die Apostelgeschichte des Lukas, 1921, S. 472.

³⁴) Zahn, ebenda.

³⁵) II Kor. 10.10.

³⁶) Hnd. 14.23

grootheid in feller reliëf. Die volledige beeld van die episode ontvang mens deur Lukas te beluister in Hnd. 15.1vv. en Paulus in Gal. 2.11–17.

Met sy kenmerkende taktvolheid ten aansien van die leidliede van die Kerk, verhaal Lukas dat „sekere persone van Judéa afgekom het” na Antiochië. ’n Paar laterige manuskripte en vertalinge voeg daaraan toe dat die persone van „die party van die Fariseërs” was. Waarskynlik kom die verklaring uit Hnd. 15.5 en nie in daardie posisie uit die pen van Lukas nie. In elk geval, Paulus verklaar direk en onomwonde dat die persone gestuur was deur Jakobus, die broër van die Here en leier van die Kerk te Jerusalem³⁷. Jakobus verskyn ook in Hnd. 21.20vv. as voorspraak vir die „yweraars vir die wet”. Die besoekers van die Jerusalemse gemeente, of hulle nou vriendelike besoekers was en of hulle met ’n opdrag van Jakobus en die wetsyweraars gekom het³⁸, het in Antiochië die voortbestaan van die gemeente in die gedrang gebring. Trouens, Lukas gebruik ’n baie sterk woord om die gevolg van hul optrede te beskryf. Hy sê dit het ’n „tumult” veroorsaak. Hulle het namelijk beswaar gemaak teen die deurmeekaarboerdery van die Joodse gelowiges met die heidense gelowiges. Petrus, Barnabas en die ander Joodse gelowiges was gewoon in Antiochië om saam met die gelowiges uit die heidendom te eet. ’n Wetsgetroue Jood doen soiets nie, „’n mens nooi ’n heiden nie aan jou tafel nie, want wie dit doen, bring die straf van ballingskap oor sy kinders³⁹”.

Na die aankoms van die Joodse Christene uit Jerusalem het Petrus hom „geleidelik” teruggetrek van hierdie saamety⁴⁰. Op hierdie stadium betrek Paulus ook Barnabas in sy weergawe van die gebeurtenisse te Antiochië. Hy sê dat hy Petrus omrede van sy vreesagtige onttrekking aan die gemeenskaplike lewe met die Heiden-christene in die openbaar teengestaan het, maar hy verklaar dat ook Barnabas en die ander Jode van die gemeente hulle deur die geveins laat verlei het. Eintlik sê Paulus min oor Barnabas se rol en tog sê hy genoeg om sy groot waardering vir Barnabas kenbaar te maak. . . „selfs Barnabas”. Barnabas moet in ’n ontsettende tweestryd verkeer het tussen sy eerbied vir die oer-apostel, Petrus, en die evangeliese beginsel van geen onderskeid tussen die gelowiges nie, wat hyself in Antiochië in toepassing gebring het nog voordat hy Paulus daarheen ontbied het. Daarby sal nog kom dat hy, omdat hy leviet van geboorte was nog meer onderworpe was aan druk van die kant van die Jerusalemse wetsonderhouers. Paulus gee in die Brief aan die Galatiërs net ’n deeltjie van sy argument teenoor Petrus weer. Mens kan aanneem dat hy nagenoeg dieselfde argument teenoor Barnabas sou gebruik het. Hy beskuldig hulle nie van ’n afwyking van die beginsels van die Evangelie nie, maar van ’n inbreuk daarop uit vrees vir dié uit die besny-

³⁷) Gal. 2.12.

³⁸) P. Gaechter, Petrus und seine Zeit. Innsbruck, 1958. S. 230ff.

³⁹) Sanhedrin 63b. Aangehaal deur P. A. van Stempvoort, –Oud en Nieuw. De Brief aan de Galatiërs. Nijkerk, 1951. Bls. 45

⁴⁰) Vir die krag van die imperfecta in Gal. 2.12, vgl. Gaechter, a.a.O., S. 233.

denis, d.w.s. die Joodse Christene. In sy taktvolheid en sy vermoë om mense te hanteer, het Barnabas en saam met hom Petrus, na die oordeel van Paulus, die hele voortbestaan van die Christelike Kerk in die gedrang gebring. Paulus self, omdat dit vir die doeleindes van sy argument teenoor die Galatiërs nie van belang is nie, vertel nie die verdere verloop van die insident te Antiochië nie. Gelukkig doen Lukas dit.

Uit Hnd. 15.2 verneem mens dat Paulus en Barnabas hulle verset het teen die eise van die Joodse besoekers uit die gemeente van Jerusalem. Hieruit is dit duidelik dat Barnabas heel gou sy fout besef het en teruggekeer het tot die standpunt wat Paulus onwrikbaar bly handhaaf het. Lukas vertel nie dat Petrus op hierdie stadium ook al teruggekeer het tot sy voormalige houding nie. Maar dat ook hy teruggekeer het, is duidelik uit sy optrede 'n paar weke later voor die Apostelkonvent te Jerusalem waar hy dieselfde woorde besig in sy verdediging van die volledige gemeenskap tussen Joodse en ander Christene as wat Paulus hom toegevoeg het te Antiochië⁴¹.

Die insident onthul nog 'n eienskap van Barnabas. Uit kerklik-diplomatiese oorweginge, om Jerusalem nie aanstoot te gee nie, het hy hom laat meevoer. Nie van hom nie, dog slegs van Petrus sê Paulus dat hy die tafelgemeenskap met die heiden-Christene afgebreek het uit „vrees”. Nie die oer-apostel nie, maar Barnabas was die eerste, volgens die berig van Lukas, om sy fout goed te maak en die eenheid van die Kerk te plaas bo die guns van Jerusalem. En toe hy eenmaal standpunt ingeneem het, het hy dit so ondubbelsinnig gedoen, dat die gemeente hom ingesluit het in hul afvaardiging na Jerusalem om die saak met die leidsliede van die Kerk in Jerusalem te gaan bespreek.

Die geleentheid was die sogenaemde Apostelkonvent. Lukas gee 'n dramatiese beskrywing daarvan in Hnd. 15. Dit was inderdaad ook 'n dramatiese oomblik. Van die uitslag het die voortgang van die Christelike Kerk afgehang. Dit was die oomblik van beslissing of die Kerk hom sou vergenoeg om na binne te leef en of dit, trou aan die uitsendingsbevel van die Here, die groot awontuur sou onderneem om geheel-en-əl na buite te leef; kortweg, of die Kerk bereid was om ondubbelsinnig sy apostolaat te onderneem. Eintlik is die benaming „Apostelkonvent” verkeerd. Daar word maar, Barnabas daarby gereken, net drie apostels genoem, te wete, Petrus, Barnabas en Paulus. Ook nie 'n apostel nie, maar Jakobus tree op as voorsitter. Volgens Hnd. 15.6 het die res van die vergadering uit ouderlinge, seker wel Jerusalemse ouderlinge, bestaan. Die oer-apostel het eerste gepraat en wel op grond van sy ervaring met Kornelius, Hnd. 11.7vv., en daardie selfde standpunt waaraan hy in Antiochië vir 'n oomblik ontrou geword het, verdedig. Daarna, sê Lukas in Hnd. 15.12, was daar stilte—„die hele menigte het geswyg”. Of dit die swye van die

⁴¹) Hnd. 15. 7-11; vgl. vs. 10 met Gal. 2.14.

ontsetting of die verleentheid was, sê Lukas nie. In elk geval was dit Barnabas wat daarna eerste gepraat het. Paulus het hom bygeval en beide het in die trant van Petrus goddelike betuiging aangevoer vir die voorbeeldlose gemeenskap van alle Christene in die Kerk, ongeag hul godsdienstige en fisieke herkoms.

Die ouderlinge het hul laat oortuig deur die getuienis van die apostels, Petrus, Barnabas en Paulus, want dis sekerlik die oortuiging van die vergadering wat Jakobus saamvat met die paar woorde wat in hul kernagtigheid en hul betekenisvolheid vir die Kerk 'n bestaansformule en 'n werksprinsipe geword het: „God het gesorg om uit die heidennasies 'n volk vir sy Naam te neem”⁴².

Dieselfde vertrou wat hy in Antiochië gewek het, het Barnabas ook by die Jerusalemse vergadering gewek. Hul brief aan die gemeentes uit die heidendom wat die gunstige uitkoms van die vergadering meedeel, gee hul in die hande van o.a. hul „geliefde Barnabas en Paulus”. Hnd. 15.25. Na die oordrag van die brief met sy „bemoediging” (vs. 31) deur die „seun van bemoediging” en Paulus, het hierdie twee apostels hul werk in Antiochië voortgeset. Uit die beskrywing van daardie werk kom die aard van die diens van Barnabas mooi uit: Lukas sê in Hnd. 15.35 dat hy en Paulus „onderrig” gegee het; dit is die funksie van die oud-Christelike leraar. Verder, dat hulle die „blydschap van die Woord van die Here verkondig het. Verkondiging was die werk van die oud-Christelike profeet. Barnabas, „seun van bemoediging”, apostel, apologet, is ook profeet en leraar van die vroegste Kerk⁴³.

En saam met Paulus is hy bowendien sorgsame sendeling. Die twee apostels oorweeg volgens Hnd. 15.35 om die gemeentes wat hulle in die heidenwêreld georganiseer het, besoek te bring. Dit was, jammer genoeg, die aanleiding vir verwydering tussen die twee manne. Barnabas wou Markus saamneem en Paulus het daarteen beswaar gehad omdat Markus hulle op hul eerste sendingreis in die steek gelaat het. Terwyl Paulus met Silas op die sogenaamde tweede sendingreis vertrek, gaan Barnabas met Markus na die eiland van sy herkoms, Cyprus. Van laasgenoemde se werk daar gee Lukas en die res van die Nuwe Testament geen nadere berig nie. Die vroeg-christelike tradisie verklaar Barnabas egter tot stigter van die Kerk daar en vermeld verder dat hy op dié eiland te Salamis op die 11de Junie 61 n.C. die marteldood gesterf het. Vier jaar later het sy twee medewerkers uit die dae van Antiochië te Rome onder Nero dieselfde lot ondergaan.

Uit die indirekte getuienis van die Nuwe Testament blyk dat Barnabas hom ná die verskil met Paulus ook nie „teruggetrek” het op Cyprus nie. Hy en Paulus het ook nie lank vir mekaar kwaad gebly nie. In Galate 2.1, 9,

⁴²) Hnd. 15.14.

⁴³) Onder hierdie twee „ampte” stel ook Hnd 13.1 hom voor.

13 verwys Paulus na hom op 'n wyse waaruit blyk dat die Galate hom goed geken het. Barnabas was dus vóór die skrywe van die Brief aan die Galate al op besoek in daardie gemeente wat deur Paulus gestig is. Dis ook seker uit I Kor. 9.6 dat hy saam met Paulus in die Korintiese gemeente gewerk het, en netsoos Paulus hom daar self onderhou het. Anders as die ander apostels en die broers van die Here, en netsoos Paulus, was Barnabas volgens I Kor. 9.5 ongetroud. In Korinthe, netsoos in Galatea, het hy en Paulus dus na die skeiding waarvan Lukas vertel, weer saamgewerk met hul hande en met hul harte en in al die betrekkinge waarin die diens van die Evangelie hulle geroep het. Moontlik het hy Paulus ook in Kolosse gaan help. Kol. 4.10 skryf oor hom asof hy vir die gemeente 'n persoonlike bekende is.

Meer kan mens uit die Nuwe Testament oor hierdie sleutelman van die vroegste Kerk nie uitvind nie. Die tradisies van die Kerk deel nog een-en-ander van hom mee. Een tradisie vertel dat hy een van die Sewentig was waarvan Luk. 10.1 melding maak. Volgens 'n ander het hy die beroemde gemeente van Milan gestig en was hy ook die eerste biskop van daardie gemeente. As dit so is, het hierdie man van wie geen geskrif bewaar is nie en wat deur die Nuwe Testament voorgestel is as iemand van min woorde en veel dade, netsoos Paulus die Kerk in al vier die windrigtings gedien. Hy was saam met Paulus in die Noorde tot digby die Swartsee, tot in Cyprus in die Suide, in Klein-Asië in die Ooste en in Italië in die Weste. Hy was 'n universele figuur in die universele Kerk. In die volste sin van die woord was hy Apostel. Vir en deur die bemoediging van die Evangelie van Jesus Christus het hy geen grense geken nie.